# 'n Interessante Sportsoort uit die Ou Dae

deur

J. H. VAN DEN BERG

WANNEER ons ons gedagtes tot stilstand bring by die ongerepte ruimtes van die grys-grys verlede in ons volksbestaan, sal dit vir ons duidelik word wat die motiewe was vir al die oorspronklikhede waarin ons voorouers hulle vermaak en afleiding gevind het en wat tegelykertyd dan ook die grondslag gelê het vir 'n gesonde verstandhouding en band van broederlike gemeenskap.

Baie sportsoorte, strafmetodes, vermaaklikhede, toertjies en poetse wat gedurende die goeie ou tyd in gebruik was, dateer uit die dae van die transportryerboer. Wanneer hierdie eensame ondernemer en burger van die wapad, diep in gedagte op die wakis gesit en suig het aan sy getroue pyp, sy spoggerige fris span rooies geduldig aanstryk met die krakende wa terwyl Kleinbooi, vaal van die stof, die voortou neem, was menigvuldige sportsoorte en toertjies maar alte dikwels die produk van sy mymeringe.

'n Uitverkore sportsoort van die transportryer was die gebruik om met hulle ossespanne op sporttiewe wyse kragte te meet. Indien 'n transportryer gedurende 'n lang, eensame en vermoeiende tog op die verre horison 'n stofwolkie gewaar, het hy dadelik uit sy mymeringe wakker geskrik en met sy rooispan begin gesels oor die naderende wedywering, want 'n roering op die gesigseinder het net een ding beteken: 'n togryer uit 'n teenoorgestelde rigting wat met presies dieselfde voorneme besiel is.

Die idee is dan dat die twee spanne osse so rakelings by mekaar verby moet skuur dat die nawe van die twee waens se binne-voorwiele teen mekaar haak. Albei drywers begin dan luidkeels met hulle bulkalwers gesels om te kyk wie daarin kan slaag om die ander een uit die pad te sleep. Somtyds duur so 'n gespook en gespartel 'n geruime tyd alvorens een van die twee spanne kopgee, want die osse was geleerd en buitendien ook gewoond daaraan om met swaar gelaaide waens op die lelike paaie te bly staan. Wanneer met hulle gepraat word, en dit was nie nodig om te skreeu of onnodig lawaai te maak nie, het hulle soos een weggesak dat die jukke eintlik kraak voor die brute krag. Dit het ook dikwels gebeur dat skeie, of selfs 'n juk in die slag bly gedurende so 'n worsteling. Die een wat dan daarin slaag om die ander uit die pad te sleep, is die oorwinnaar en dit is nogal as 'n skande beskou as 'n ander man se span jou uit die pad uit sleep.

Vandag kan hierdie sportsoort nie meer beoefen word nie omdat die ossewa se rol in ons volkslewe welhaas voltooi is maar dit is tog jammer dat ons hierdie kultuurskatte sommer so uit ons hande laat glip. Wie van ons ken nog al die maniere van vermaak van ons voorouers? Dink maar aan speletjies soos Jukkramskop, Hotnotjieslaan, jukskeidraai, beesvelry, hoenderhaanskop en skilpadtrek. Dit is alles kultuurskatte wat besig is om uit te sterf en plek te maak vir vreemde vermaaklikhede. Ons voorvaders het nie georganiseerde uitheemse sportsoorte en byeenkomste geken nie waarby groot bedrae geld gesirkuleer het nie. Sommer so terwyl hulle werk, het hulle ook gespeel met die dinge waarmee hulle besig was.